

Skriflesing: Genesis 49: 9-20; Lukas 2:36-40; Mattheüs 5: 1-12;

Teks: **Genesis 49:20**

Sing: Ps. 89:1,6; Ps. 130:2; Ps. 31:1,4; Ps. 42:1,6

Wanneer Aser voor Jakob kom staan, geliefdes, dan kom ons by die volgende seun van Jakob, maar ook by die volgende seëninge. En die perspektief waarmee Aser vir u en my na God se koninkryk wil laat kyk, staan soos by van die ander seuns, alreeds in die betekenis van sy naam. Aser, 'n bekende en belangrike Hebreeuse woord in 'n waarlik gelowige se lewe, want Aser beteken om waarlik gelukkig te wees.

Elke een van ons vandag, smag daarna. Ware geluk. Geluk sê so baie, beteken so baie, bevat baie. EN dit is iets wat u en ek mag wees. Ons mag Aser wees....gelukkig. Na liggaam en siel. As Dawid in Psalm 34 vers 13 praat van *wie is die man wat lus het in die lewe, wat dae liefhet, om die goeie te sien*, dan is dit ten einde 'n vraag na ware, diepe geluk. Hierdie pad na die goeie, is wat Aser die dag van Jakob ook kon hoor – *Aser, sy spys is vet en hy lewer koninklike lekkernye*. 'n Mens hoor in wat Jakob sê, sy brood is vet, hy eet ryk kos, koningskos. Aser sou wees wat baie mense in hulle lewe wil wees. Welgesteld, inkomste wat altyd net bly groei, 'n mens wat ryker en ryker kan word.

Hy het gekry die tipiese resep vir rykdom. Op die regte tyd is daar die regte middele wat hy in sy geslag as deel van hulle stamgebied van die hand kon sit. Daarom praat Jakob nie soseer van dat hy koningskos eet nie, maar dat hy koninklike lekkernye lewer. Op die landkaart was die gebied van Aser die paradys gebied. Daar teen die hellinge van die Libanon-gebergtes of dan die streek van die berg Karmel tot by die Feniciëse grens met sy unieke klimaat en besondere reënval het alles soos 'n handskoen gepas en hand oor hand laat groei.

Van die lekkerste en duurste gewasse kon daar geplant word en in die vrugbaarheid sou dit groei. Van die duurste olyf olies kom uit daardie gebied. Moses sê in sy seëning van die 12 stamme - Deut. 33:24-25: *Geseënd is Aser bo die seuns, laat hy die liefling van sy broers wees en een wat sy voet in olie steek. Mag jou grendel yster en koper wees en jou sterkte soos jou dae.....*Jakob en Moses se woorde het hierdie geslag bygebly. Hulle het in hulle geslagte waarlik ryk mense geword. En naby geleë lande soos Tirus en Sidon, sou bekende handelsmerke vir Aser wees. Die stam het op deurlopende basis met hulle handel gedryf. Op hulle beurt sou hulle weer vir Aser goud, yster, koper en ander kosbare minerale kon lewer. Ons kan aanvaar dat uit Aser sou voortspruit dit wat 'n kapitalistiese sisteem laat werk en

goed laat werk. Rykdom en ekonomiese groei het hierdie Jode, Jode gemaak, wat kan beding en bedryf, altyd natuurlik teen goeie wins, soos 'n Jood in sy tipiese betekenis bekend staan.

Hierdie rykdom wat ons van Aser opval, geliefdes, was dan ongelukkig en 'n mens moet sê, ongelukkig, dan ook rede vir sy verval. En alle verval, of soos Paulus praat van die afval wat kom, begin maar altyd met 'n wegbeweeg en weg leef van die Here af. Om dik botter op dik snye brood te smeer en 'n mens gee later nie meer 'n flenter om waar of die botter eintlik vandaan kom nie. Die kruis van welvaart word 'n swaar kruis as dit in verkeerde hande beland. Soos met die mense uit die stam Aser gebeur het. Hulle kon nou wel ryk wees, ander lande en selfs ander lande se konings het uit hulle hand geëet. Om jou so vir ander lande en ander mense te offer en op te offer, het die effek dat ek sal al hoe minder aan God offer.

Dit het eintlik alles weer met die verbond van God te make. Vandag moet ons dit nog so sien en so aanvaar, dat daar geen saak van die Here se kant is, wat los staan van sy verbond nie. By die doop later vandag is die verbond die kern van alles. En die geslag van Aser het juis die verbond deurgesny, want deur hulle rykdom was hulle verbond die verhoudinge wat hulle met al hulle handels vennote gesluit het. Die verbond met God het nie meer plek gehad nie, want God se verbond het nie meer saak gemaak nie. Die wêreld met sy waardes en rykdom en genietinge, het in die plek gekom, van dit wat hemelse geluk en blydskap 'n mens kan bied.

So het Aser in sy nageslag met sy rykdom vasgeval en ontaard. Die hart word 'n vrieskamer as alles in die lewe om koue besigheid begin draai. En besigheid het koue reëls, koue eiebelang. Hoekom offer? Hoekom prima vrugte, goeie handelsware, 'n vet skaap offer, as ek hom self kan verkoop. Hoekom net ses dae lank goeie besigheid doen, as daar nog 'n dag in die week is, Sondag, om op die dag dan ook goeie besigheid te doen. Hoekom my besittings, my winspotensiaal, in gevaar stel vir God se koninkryk, vir sy kerk, as dit vir myself voel ek gaan meer hierby verloor, as wat ek hierby gaan baat. Alles wat gegee word, word dan gedoen in die veronderstelling ek moet wins maak, ek moet meer terugkry as wat ek gegee het.

Is dit hoe die besigheid in die koninkryk van God werk, néé broeder en suster! Dit is hoe Aser hulle begin werk het. Met seker ook die saggemaakte en eintlik al eentonige verskoning van ek werk mos vir my geld en my besittings. Daarom mag ek so maak.

Ja, geliefdes en tog is dit die verskil. Ek mag so maak, eers as ek gemaak het wat ek moes maak. En daarvan wil Debora in Rigters 5 van die nageslag van Aser 'n antwoord kry. Sy sê in haar lied – Rigters 5:17 – *Aser het bly sit aan die seekus en aan sy baaië rustig gebly*. Ons kry die prentjie. Toe die res van Israel optrek om terwille van God se koninkryk oorlog te maak, het Aser hom nie geroer om saam te gaan nie. Hy was te bang hy verloor iets. Hy het eerder op die stadium sy skepe en voorrade opgepas. Aser, die gelukkige, het in hulle geslagte hulle eie geluk boweal begin stel. Selfs bo sy verhouding met God. Die eenvoudige skerp punt bly om jouself en jou besittings meer lief te hê, as wat jy God liefhet.

En daarom roer Aser nie van die strand af, waar sy skepe hulle voorrade kon laai nie. En ons moet na onself net so skerp kan kyk, soos na Aser. Die dinge wat ons moet weet, moet weer vir ons duidelik wees. In die koninkryk van God gaan dit nie om wat jy het nie, maar om wie jy is. Ons dink baie keer dat baie rykdom maak jou Aser, maak jou gelukkig, maar dit is juis baie keer nie so nie. Rykdom stel iemand baie keer in die gevaarlike posisie om van God vervreem te raak. Dit wil partykeer lyk en klink asof rykdom dit eintlik vir 'n mens in die koninkryk van God net nog moeiliker kan maak. Daarom dat Jesus nie hieroor stilgebly het nie. Jesus wie sê dit is vir 'n kameel makliker om deur die oog van 'n naald te gaan, as vir 'n ryk man om die koninkryk binne te kom. En vir die ryk jongman, kom die ingrypende toedrag – *Verkoop al jou goed, gee die geld vir die armes en volg My!*

Vir Aser, vir u en my, is die toedrag van rykdom baie keer nog net so ingrypend. Ons moet antwoord op wat rykdom baie keer maak. Rykdom maak 'n mens baie keer wêreldgelykvormig. En wie so aan die wêreld vasklou, kan so iemand werklik volg – Christus wat sê – *Volg My!* En die rykdom agter Christus aan, is 'n rykdom wat baie keer beter pas by hulle wat juis arm is. Die verskil wat kom om by Jesus te wil pas, is om eerder 'n ryk arme te wees, as 'n arme ryke. En tog was daar nog altyd God se ryk kinders. Abraham, Job en nog baie meer, daarom is dit nie die rykdom wat self die probleem is nie, maar die probleem is by wat ons gesê het en wat by Aser se geslag gebeur het, wat van as rykdom my wêreldgelykvormig maak.

En wanneer 'n mens by sulke rykdom aanpas, wêreldgelykvormige rykdom, dan is daar klomp dinge wat moet aanpas. My huwelik, my gesin, my familie en selfs ook die kerk, word hierdeur geraak, want by 'n wêreldgelykvormige mens, is die vorm van God se koninkryk

niks meer werd nie. En moet tog nie dat die duiwel u wil laat glo dat 'n mens is wat hy het nie. Dit wat ons is, moet vir ons altyd baie belangriker wees, as dit wat ons het. Dan weet ons waarom die lewe werklik gaan.

Die belangrikste saak wat daar in die lewe is en kan wees, is om jou en jou kinders gereed te maak vir die koninkryk. Nie om in die oë van die wêreld suksesvol te wees nie, maar om in die oë van God te slaag. Nie om te wil spog hoe goed my kinders presteer, watter onderskeidings hulle in die lewe al gemaak het, met die gedagte van ons bring dit vêr, vêr in die wêreld, maar het ons dit al vêr gebring in God se koninkryk?

Elke keer moet ons hoor, dat die gesin, moet nie word, soos die Aser-gesin, Aser se geslag nie. Dit gaan nie net oor een mens wat so kan word nie, maar as ons dink aan wat na Aser gebeur het, in sy geslagte, dan raak dit gesinne, soos u en my gesinne. 'n Bepaalde lewenstyl is gewoonlik iets wat uit ons gesinslewe ontwikkel. En gewoonlik word die gesin in vandag se dae die vullishoop van dit wat via die TV en tydskrifte en dies meer op ons gestrooi word, nl. dat geld en welvaart 'n mens gelukkig kan maak. So word nie net enkelinge nie, maar gesinne hierdeur geteister. Gesinne word die groot stortplek van hierdie emosionele vullis. En gewoonlik as pa of ma, nie hierdie wêreldse maatstawwe en finansiële suksesse kan behaal en die welvaart kan handhaaf nie, dan is die gesin die plek waar frustrasies uitgehaal word, met die uiterste voorbeelde van hoe vele gesinsmoorde daar al was, omdat daar in daardie gesin dan nie genoeg geld was nie.

As u en ek dan nou ons gesinne langs die van Aser sit, vra uself die vraag af, hoe anders kon dit gewees het. Jakob saam met Moses het Aser se welvaart merk in hulle geslagte kon sien. Moses praat van om jou voet in olie te steek, Jakob praat van vet, *sy spys is vet, hy lewer koninklike lekkernye*. Hulle stam sou kon wees, die profesie van voorspoed en geluk, ander stamme moes na hulle kon opkyk en sê, die Here maak hulle so ryk. Die Here gee vir hulle daardie geluk.

Werklike genade-geluk. Aser sou moes kon sê, die Here het vir ons gegee, Kanaän, die land wat oorloop van melk en heuning. Hulle het God se belofte van Kanaän bewaarheid, maar om 'n belofte te bewaarheid en om dan daarna hierdie waarheid in jou eie lewe verder te vat, vra insig en goddelike krag. Aser se nageslag het dit nie van die Here gevra nie. Hulle het dit nie gekry nie, terwyl dit anders kon gewees het. Dit moet wees, wat Jesus ons geleer het – *Soek*

eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word.

Dan kom geloof eerste, werklik kragtige geloof en die weldade van God is vir my baie meer werd, as al die aardse skatte saam. En sou ek dan daarna kry, aardse skatte, dit wat Aser te beurt geval het, werk so daarmee dat God jou daardeur gelukkig kan maak.

Jesus het 'n keer sommer verse na mekaar gesê – Aser... in Grieks – Makarios. Jesus sê dit nege maal – nege maal makarios. Mattheus 5 die begin van die berg preek – Geseënd, gelukkig, salig, aser, makarios, alles beteken diesefde, salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele en so ook is trane die voorspel van geluk, sagmoedigheid, barmhartigheid, honger, vredemaak, selfs as jy vervolgt word, beledigt word, selfs valslik allerhande kwaad teen ons gespreek word, moet ons dink aan die voorwoord van ek is eintlik gelukkig. Die voorwoord tot hierdie geluk is sekerlik nie iets op sigself nie. As hierdie nege dinge, dinge moes wees, wat op sigself staan, dan sou dit nooit iets met geluk te doen kon hê nie. Maar juis die feit dat hierdie negevoudige geluk, nie iets op sigself kan wees nie, maar dit alles wil die bewys wees, dat geluk elders lê. My rykdom is nie hier op aarde nie, maar in die hemele. Hoe sê Jesus in vers 12 – *Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolgt wat voor julle gewees het.*

Wanneer hierdie op sigself swaar dinge ophou, dan sal daar ware geluk aanbreek. Nou nog kom die swaar om ons te laat fokus op die hemelse rykdomme, hemelse geluk. Dan is die swaar weg, ja selfs die gewelddadige geskakeerdheid van swaar val weg en alles kom in een geheel, die geheel van om salig te wees, waarlik gelukkig. En ons kan dit nou-al beleef. Met Jesus se geboorte het daar 'n weduwee Anna, 84 jaar oud, dogter van Fanuel, uit die stam Aser, vir 40 jaar, elke dag, die alleen paadjie met die tempelberg uitgestap, tempel toe. 40 Jaar was sy gefokus op die hoop dat God vir haar en haar volk 'n Verlosser sal skenk. En sy was arm, die eerste wat ons van weet wat uit die Aser stam nie haar vet spys kon eet nie, nie koninklike lekkernye nie, nie haar voete in olie kon sit nie en baie dae droë brood moes eet. Maar in haar armoede is sy die vrou wat die kosbaarste kon sien, die kosbaarste kon vashou wat ooit vir ons geskenk kon word, ons Here Jesus Christus, die Kindjie wat ons Verlosser sou wees. Sy kon weet my Verlosser leef, sy kon Hom beleef.

Hoe beleef u vandag u ware geluk. Om te wil ryk wees, om baie te wil hê, of om die lewende Jesus Christus deur die Heilige Gees te ken as u persoonlike Saligmaker. As u Jesus Christus so ken, dan is u Aser, waarlik gelukkig, u is geseënd, geseën met die seëninge wat geld nie kan koop nie, maar die bloed van Christus het u gekoop, u lewe is daarmee verseël, daar is vir u betaal. U naam is dan saam met die verseëlde in Openbaring, Openbaring 7 waar ons kan lees uit die stam van Aser 12 000 verseëlde. U sal in u hart die bevestiging ontvang dat u ook 'n waarlik gelukkige kan wees, al lyk my lewe en omstandighede baie keer so ongelukkig. Daar sal in u lewe die dag kom, in God se paradys, waar u waarlik Aser sal wees, gelukkig, u sal kan eet van die vrug en blare, van die boom wat lewe gee met sy genesings effek en u dan waarlik gelukkig vir ewig kan lewe.

AMEN